

# ROCK ART RESEARCH INSTITUTE

University of the Witwatersrand, Johannesburg

## Suid-Afrikaanse Rotskuns

*Suid-Afrika spog met van die beste rotskuns ter wêreld. Die bekendste hiervan is die pragtige, gedetailleerde skilderinge en graveerkuns van die San, oftewel Boesmans. Minder bekend, maar ewe belangrik, is die skildertradisies van Ystertydperk landbouers en Khoekhoenveewagters.*

# San-rotskuns


'n San-rotsgravure

*San skilderinge en gravures is die algemeenste vorm van rotskuns in Suid-Afrika. Skilderinge word meestal in rotsskuilings in rotsagtige gebiede soos die Drakensberge gevind. Gravures word weer meestal op verspreide rotsbanke en klippe in plat areas soos die Karoo gevind.*

*Die meeste van die kuns wat behoue gebly het, is in die afgelope 1 000 jaar geskep, maar sommige voorbeelde is veel Ouer die oudste gedateerde voorbeeld is 27 000 jaar oud! Die skilderinge is meestal met oker en ander grondpigmente uitgevoer en aangewend met fyn kwassies wat onder andere van voëlvere en dierehare gemaak is. Rotsgravures is geskep deur die rots se oppervlak met 'n rots of klip te sny, hamer en skraap.*

*San-rotskuns is nie 'n eenvoudige, verhalende boekstawing van alledaagse lewe nie. Dit is eerder 'n uiting van die San se geestelike ervarings. Die kuns is simbolies en moenie letterlik geïnterpreteer word nie. Die belangrikste San-ritueel sentreer rondom die tradisionele genesers se beswymingsdans. Tydens die dans verval die tradisionele genesers, oftewel shamane, in 'n beswyming, waartydens hulle glo dat hulle na die geesteswêreld reis. Daar verrig hulle 'n aantal belangrike take vir die gemeenskap: hulle genees die siekes, beheer die beweging van wild en die reënval, en besoek verafgeleë kampe of selfs 'god' se huis. Aspekte van hierdie aktiwiteite, sowel as die vreemde wesens en kreature wat hulle in die geesteswêreld ontmoet, word in die rotskuns uitgebeeld.*


San-swymdansers ervaar dikwels hewige krampe wat hulle vooroor laat buig

# Ystertydperk-rotskuns

*Ystertydperk-rotskuns is heelwat skaarser as San-rotskuns. Dit kom in 'n meer beperkte gebied voor, naamlik daardie dele van Suid-Afrika waar Ystertydperklandbouers gewoon het veral die noordoostelike dele van die land. Al die kuns is in die afgelope 2000 jaar geskep. Anders as die veelkleurige San-kuns is die Ystertydperkskilderinge bykans uitsluitlik in wit op die rotse aangebring. Dit is ook dikwels groot, soms etlike meters lank.*



Ystertydperk-diereskilderinge hou met inisiëringspraktyke verband.

*In die Noordelike Provinsie is daar oënskynlik twee fases van skilderkuns, naamlik 'n vroeëre fase met diere wat met inisiëringspraktyke verband hou, en 'n latere fase wat uitbeeldings van Europese setlaars, karavane en waens insluit en oënskynlik as 'n vorm van politieke protes gebruik is.*



Onlangse Ystertydperkskilderinge van Europese waens en perde.



# *Veewagter-rotskuns*



'n Voorbeeld van veewagter-rotskuns met geometriese ontwerpe.

*'n Derde rotskunstradisie is onlangs onder omstredenheid in Suid-Afrika geïdentifiseer. Hierdie rotskuns is geëien as dié van die eerste veewagters wat nagenoeg 2000 jaar gelede na suidelike Afrika gemigreer het. Die tradisie bestaan uit geometriese ontwerpe wat met die vingers in oker op die rotse aangebring is of daarop rubekap is, handafdrukke, en vingerstippels. Dit word dikwels in klein, ontoeganklike skuilings of naby water gevind. Voorbeelde van hierdie tradisie kan in dele van die Noordelike Provinsie, die Vrystaat en Noordoos-Kaap gevind word. Geen uitsluitsel is nog gevind oor wat die afbeeldings beteken en waarom dit geskep is nie.*



# *Die belangrikheid van Suid-Afrikaanse rotskuns*

*Rotskuns in Suid-Afrika is almal se erfenis. Dit is 'n kunsskat, 'n bron van kennis, 'n potensiële bron van langtermyn-, volhoubare inkomste en 'n bron van nasionale trots. As gevolg hiervan maak 'n rotskunsfiguur nou die sentrale motief van die nuwe Suid-Afrikaanse landswapen uit.*




Suid-Afrika se landswapen bevat 'n rotstekening as sentrale motief.

## *Etiket*

*Rotskuns is uiters broos; almal moet dit beskerm. Dit is 'n hulpbron wat nie hernu kan word nie. As dit eers vernietig is, is dit vir Altyd verlore.*
*Help ons asseblief om rotskuns te beskerm deur:*

- *Enigiemand wat rotskuns nat maak of graffiti daarop of naby daaraan aanbring, aan die polisie te rapporteer.*
- *Nie stof te laat opwarrel nie, aangesien dit op die kuns neersyfer en dit laat verdof.*
- *Versigtig te wees om nie aan die kuns te raak nie, en seker te maak dat ander mense ook nie Daaraan vat nie.*

## *Die Wet*

*As gevolg van die belangrikheid daarvan word rotskuns outomaties deur die wet beskerm. Dit is onwettig om rotskuns te beskadig of vernietig of dit te vandaliseer. Indien u enigiemand sien wat dit beskadig, rapporteer hom of haar aan die polisie. 'n Boete van tot R10 000 kan vir hierdie oortreding opgelê word.*

Designed by Central Graphics (011) 717-1342

## *Die Rotskuns-navorsingsinstituut (The Rock Art Research Institute)*

*Hierdie pamflet word deur die Rotskuns-navorsingsinstituut van die Universiteit van die Witwatersrand aan u gebring as deel van 'n projek wat deur die Ringing Rocks Foundation in die VSA befonds word.*

RINGING rocks Foundation

*Indien u enige kommentaar het of meer inligting verlang, kontak ons asseblief by die volgende adres:*


*Rock Art Research Institute*
*University of the Witwatersrand*
*Private Bag 3*
*WITS 2050*

*Tel: 011 717 6056*
*Faks: 011 339 1620*
*E-pos: enquiries@rockart.wits.ac.za*
*Webwerf: http://rockart.wits.ac.za*

ROCK ART RESEARCH INSTITUTE
UNIVERSITY OF THE WITWATERSRAND


Afrikaans